# PROF. MARIUS SWART

**Dr. Otto Terblanche**
*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Port Elizabeth*
*6000 Port Elizabeth*

Prof. Marius Swart het in Desember 1996 na 'n verbintenis van 32 jaar afgetree as professor en hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van Port Elizabeth (UPE). Hy het oor vier dekades die vak Geskiedenis met onderskeiding gedien.

Marius Johannes Swart is op 28 November 1931 te Windhoek gebore. Hy het skoolgegaan by die Laerskool Baanbreker en die Hoërskool Voortrekker te Boksburg. Ná matriek (1948) ontvang hy 'n merietebeurs om aan die Onderwyskollege / Universiteit van Pretoria verder te studeer (1949-1952). Hy behaal sy B.A. (Geskiedenis, met lof), M.A. (cum laude) en D.Phil (op 25 jaar), alles aan die Universiteit van Pretoria. Hy behaal sy Onderwysdiploma aan die Onderwyskollege te Pretoria, waar hy ook erekleure as student verower.

Hy ontvang verskeie akademiese toekennings, naamlik die Uniebeurs na Utrecht, Nederland vir ná-doktorale studie (1956-1957), die Carnegie-beurs na die VSA en Kanada (1969) en die "British Travel Grant" na die Verenigde Koninkryk (1976).

Marius Swart se loopbaan het oor meer as 40 jaar gestrek. Hy was onderwyser 1954-1956, lektor in Geskiedenis aan Unisa 1958, senior lektor, Universiteit van Stellenbosch 1959-1961, senior lektor en hoof van die Departement Geskiedenis, Universiteit van Wes-Kaapland 1962-1964 en sedert 1965 tot en met sy aftrede departementshoof aan die UPE.

Hy was en is nog steeds 'n besonder produktiewe historikus. Hy het minstens sewe boeke alléén gelewer, 12 boeke saam met ander, alleen drie brosjures en was sameroeper en medeskrywer van twee "koffietafel" publikasies. Sy omvattende skryfwerk het alle kategorieë van die vak behels. Veral sy boeke oor die Algemene Geskiedenis in Afrikaans het in 'n groot leemte voorsien — teksboeke wat wyd benut en herhaaldelik herdruk is. Hy was byvoorbeeld medeskrywer van *Uit ons wording, grepe uit die geskiedenis van Wes-Europa (1000 v.C. - 1650) en Suid-Afrika (1487-1795)* (1963), *Die Westerse ontplooiing* (1971), *Tussen absolutisme en rewolusie* (1967), en alléénskrywer van *Raar leiers* (1967), *Nogtans leiers* (1969), *Wêreldleiers* (1972) en *Europa struikel. Die konferensie van Teheran, van Jalta en van Potsdam* (1978).

Hy het ook wyd gepubliseer oor fasette van die Afrikaner se geskiedenis en die Afrikaanse kultuurlewe. Van die werke wat hy alléén geskryf het, is: *Geloftedag* (1961), *Hendrik Teodor Bührmann, sy rol in die Transvaalse Republiek* (1963), *Die viering van ons volksfeeste* (1969), *Verkiesings en premiers, 1910-1974* (1975) en *Ons voortbestaan. Die kultuurstrewe van die Afrikaner* (1987). Hy was die medeskrywer van onder meer *Die Karel Landman Voortrekkermonument, 1938-1988* (1988), *Die Kleurlingbevolking van Suid-Afrika. 'n Verslag deur SABRA* (1964), *Die Piet Retief-monument en -feesterrein van Port Elizabeth, 1938-1990* (1990), *Afrikanerkultuur: fondamment en vergesig* (1981) en *Vyftig jaar volksdiens. Die geskiedenis van die FAK, 1929-1979* (1979). Hy was die voorsitter van die

redaksiekomitee en medeskrywer van die FAK se *Afrikaanse kultuuralmanak* (1980) en *Afrikanerbakens* (1989).

Sy groot verdienste lê daarin dat hy Geskiedenis by die algemene publiek meer toeganklik en verstaanbaar gemaak het. Benewens sy twintigtal artikels in vaktydskrifte het hy méér as 300 artikels in populêre tydskrifte en koerante geskryf — in Afrikaans en Engels. Hy is ook sameroeper en medeskrywer van 'n reeks skoolhandboeke in Engels. Sy veelsydigheid word onderstreep deur die feit dat hy 'n twintigtal kortverhale en twee kinderboekies geskryf het — onder 'n skuilnaam. Daarbenewens het hy ook ongeveer 100 resensies oor vakboeke geskryf, en duisende woorde bygedra tot die *Ensiklopedie van Suider-Afrika*, die *Afrikaanse wêreld ensiklopedie* en die *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*.

Prof. Swart is járe lid van die artikelredaksie van *Historia* en is gereeld artikel-adviseur vir die *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*. Hy was die promotor en studieleier vir 28 D.Phil-proefskrifte en M.A.-verhandelinge. Hy het as eksterne eksaminator 'n verdere 20 proefskrifte/verhandelinge beoordeel. Hy skryf veel vir die radio, en tree gereeld oor die radio en televisie op wat 'n verskeidenheid programme betref — in Afrikaans en Engels.

Hy was landwyd oor jare heen intiem betrokke by die georganiseerde Afrikaanse kultuur. Hy het in 1976 volle lid geword van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, is sedert 1970 lid van die Hoofbestuur van die FAK, is sedert 1965 lid en van 1970 voorsitter van die Geskiedeniskomitee van die FAK, was van 1967-1979 lid van die Hoofbestuur van die landwye Rapportryer-beweging (ses jaar as nasionale voorsitter). Hy is sedert 1973 die ere-president van die Port Elizabethse Afrikaanse Amateur Toneelvereniging (Peaat) en was die nasionale voorsitter van die landwye herdenking van die Groot Trek ná 150 jaar in 1988. Hy is oor jare heen lid (en ook voorsitter) van die Werkgemeenskap Oos-Kaap van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Prof. Swart het verskeie eretoekennings in sy lang loopbaan van diens ontvang: die FAK se Halfeeufeestoekenning (1979), Oorkonde van die Afrikaanse Kultuurraad van Port Elizabeth (1986), Oorkonde van die Port Elizabethse Volksanggroep (1987), die FAK se Prestige Toekenning vir Kultuur (1988), Oorkonde van die Rapportryerskorps van Port Elizabeth (1988), Toekenning van Verdienstelikheid van die Federasie van Rapportryerskorpse (1991), Oorkonde van Peaat (1991), "The Capab Special Golden Centenary Award of the PE Opera House" (1992) en die nasionale Rapportryerbeweging se Danie Theron Kultuurtoekenning vir Uitnemende Diens (1995).

Hy het diep spore aan die UPE getrap. Met sy aftrede in 1996 na 32 jaar as departementshoof, was hy die langs dienende Senaatslid. Hy was vir twee termyne adjunk-dekaan en was oor jare heen lid/voorsitter van verskeie komitees. Hy het onderskeidelik in 1968 en 1972 Erekleure van die Studenteraad en die Raad ontvang.

Marius Swart is getroud met 'n studentemaat Yvonne Wessels. Uit die huwelik is vyf kinders gebore wat almal suksesvol aan die UOVS afgestudeer het. Nege kleinkinders is reeds gebore.